

RESENSIES / REVIEWS

Kraai.

George Louw.
Kaapstad, Pretoria: Human & Rousseau.
2006. 128 pp. ISBN 0-7981-4586-2.

Die titel van hierdie bundel *Kraai* sou 'n mens allermins verbind met wat melodieus, welluidend soos poësie sal klink en tog is Louw se nuutste bundel 'n versameling egte poësie, miskien verfrissend weg van wat ons die regstreekse aktualiteit van Suid-Afrika sou noem. Suid-Afrika se literatuur / letterkunde hou hom nog voortdurend besig met dit wat hom hier op die Suider-Afrikaanse grond afspeel en afgespeel het. En dit moet ook so wees: Dit is naamlik 'n soort louteringsgebeure in ons letterkunde, die terapie om van die verlede afstand te neem. Tog word 'n mens nog steeds aan daardie verlede herinner. Neem maar Pat Stamatélos se *Kroes* wat 'n mens laat gru vir wat in die verlede met mense gebeur het. Ook Etienne van Heerden se nuutste treffer *In stede van die liefde* kom nie heeltemal weg van die verlede nie. Die hede van dié roman hou nog steeds verband met die verlede van 'n politieke en ontworpe Suid-Afrika.

Kraai is in vergelyking hiermee anders. Henning Snyman praat van 'n bundel wat wegbeweeg van die politieke diskoers – dis “vars gedigte geskryf in 'n klassieke idioom”. Hiermee wil ek heelhartig saamstem. Daar is plek vir so 'n bundel in Afrikaans, hoewel ek wel daarvoor begrip het dat daar ruimte is vir skrywerskap / digterskap wat terapeuties met die verwonding van die verlede, wat op allerlei wyses in die hede manifesteer, omgaan.

Tog het *Kraai*'n universeler ondertoon. Dit funksioneer in 'n wyer menslike verband as bloot die Suid-Afrikaanse leefwêreld.

Die bundel bestaan uit vier afdelings. Die eerste afdeling is effens meer anekdoties met verwysings na familielede, 'n oom, 'n pa en 'n pa, en 'n vriend. Dit gaan gepaard met die digterlike beleving van wêreldgebeure en besinnings oor tyd, ewigheid en die dood.

Die tweede afdeling, minder anekdoties, bevat besinnings oor die digterlike ek en die omwêreld, God en die wêreld, die mens in die algemeen en sy verhouding tot die omgewing (“Wurms van die veld”, 61).

Afdeling drie bevat die verwysing na die titelgegewe – die kraai met soortgenote soos die strandloper, die dikkop en die paradysvoël.

Afdeling vier handel oor Girolamo Savonarola (1452-1498), die Italiaanse boeteprediker, dosent in teologie aan die klooster van San Marco, wat kerklike en wêreldlike gesag hekel en doemprofesieë uitspreek, “striemend teen ontarding” (119). Hy genereer uiteindelik soveel vyandskap dat hy met sy lewe op die brandstapel moet boet.

In sy voorkoms was daar eweneens 'n ooreenkoms met die kraai:

Ek het jou gemaak, Kraai
na my smaak: van buite
nie te waffers, maar
van binne alte fraai. (82)

In “Ontdekkers” (12) is die digter 'n ontdekkingsreisiger soos Columbus en Dias wat die grense van hulle opdragte oorskry het, maar tog onherroeplik moes terugkeer na hulle beperking wat neergelê is in die dood. So het die digter ook die “hasepad” gekies, maar ondanks die wyd en ver beweeg, weet hy dat:

pootuit ná al die heen-en-weer geskarrel,
kom vasmeer teen die walle
van die Styx:
uiteindelik
finaal.

So sien die digter homself ook weerspieël in sy "Oum" Japie, 'n bloedverwant ("Rympie vir oum Japie", 14) wat tog so kordaat was, maar "die slingeit het sy kop/uit lit gebrand" en dan weet die digterlike ek dat die oum Jaap se gene sal by hom "gaan uitslaan", amper soos die wet van die erflikheid.

Ewe pessimisties kom die boodskap van erflikheid en eindigheid deur in "Amazing race" (25) met die woordspeling op Ongelooflike genade. En saam met menslike eindigheid kla die digter ook oor die moord op die omgewing ("O, die aarde pyn", 19):

Ons het dit reggekry, sowaar
om moederaarde effektief
tot dorbank af te skaal.

Elders ("In die nuwe tyd", 21) word verwys na die "pokdeurdrenkte aarde". Dit gaan oor geboorte waar die mens "voorgeboortelik geprogrammeer" en "perfek voorsien met als / wat dié verbysterende reis / van hom of haar vereis" uiteindelik "die einders van die gryslan" binnetrek. En soos in "Ysman" (40) meegedeel word: "[...] die einde bly bisar".

Soos hierbo aangedui, is die tweede afdeling minder anekdoties met minder gedigte: 14 teenoor die 35 van die eerste afdeling: die eerste titellose gedig van die afdeling is tematies programmerend vir die res van die afdeling wat handel oor God en sy plek in die skepping: sy betrokkenheid en onbetrokkenheid daarby, maar tog steeds in beheer ondanks menslike meesterplanne:

jul dink jul ken My, weet waar
Ek my in my Skepping skuilhou:
se voet! Terwyl jul arrogant
my meesterplan bly uitstryk,
in kansel en koerant my doen
en late uitpluis, is Ek die een
wat steeds, ná al die eeue
bloot flegmaties toekyk.
("Hokslaan", 56)

Die derde afdeling bevat die diere- of liewer die voëlgedigte met ietwat meer aandag aan die kraai. Die kraai word simbool van die verkenner van die skepping, 'n buitestaander: hy "[...] takseer, waardeer, beoog [...]", afsydig van "hoogheiliges, // twee-twee saamgesnoer" ("Kraai, Noag en die walvis", 65).

En dis presies wat Girolamo Savonarola, die digterlike personasie van afdeling vier is. Hy is die verpersoonliking van die onbevange kritikus:

Se voet! God het my bruusk
gemaak. Self die waarheid
by my ingeplant: pront
en sonder hierdie tierlantynse
stront.

("Die Kraai slaan teen die bestel", 84-85)

Savonarola het die wêreldlike en kerklike gesag van sy tyd vreesloos gekritiseer en kompromisloos getrotseer:

Klein van postuur, pikant, het hy
oor God en andere bly waak,
met Christus saam gebloei,
die wonde aan eie lyf verduur.
("Girolamo sterf", 119)

'n Mens vra jousef af waarom die digter aangegryp is deur so 'n veraf-figuur – veraf in die verlede en veraf in kultuur, die laat-Middeleeuse Italiaanse geskiedenis. Dit hou miskien verband met die Savonarola se intellektualiteit, sy religieusiteit teenoor barheid van die nie-intellektuele, die diktatoriale waar alles "[...] omvorm [is] tot verval" (119).

En dis hier waar die bundel dalk tog weer 'n bietjie omswaai na die aktualiteit van die wêreld en ook Suid-Afrika. Girolamo laat hom sterk uit teen die godsdienstige en politieke bestel en die korrupsie van sy tyd.

Maar bowenal is die laaste afdeling van die bundel tog die lewensverhaal van Girolamo geskryf in onverbeterlike Afrikaans.

Hy skryf oor korrupsie:

Dis rugsteek, gatlek waar 'n mens kyk

wat het geword van grasië?
("Middeleeuse wraaklied", 86)

Samevattend kan 'n mens *Kraai* as 'n inspireerende bundel beskryf – ryk aan inhoud met aktualiteit, met 'n digterlik-vaardige hand geskryf. George Louw is 'n gevestigde digter in die Afrikaanse tradisie. *Kraai* is sy vierde digbundel. Hy het die SA Akademie se Eugène Marais-prys ontvang vir sy digbundel *Koggestok* (1965) en die W.A. Hofmeyr-prys vir sy drama *'n Skip is vir ons beloof* (1969).

Jacques van der Elst
Universiteit van Noord-Wes,
Potchefstroom
Universiteit van Pretoria, Pretoria

Aardling.

Zandra Bezuidenhout. Pretoria: Protea Boekhuis. 2006. 76 pp. ISBN 1-86919-128-5.

Zandra Bezuidenhout was een van slegs drie Afrikaanse digdebutante in 2000, naamlik met *dansmusieke*. Dié debuut van haar is by Suider Kollege Uitgewers (sic) gepubliseer. Hoofstroomuitgewers het in dié tyd finansiële noustrop getrek, hoofsaaklik weens die in duie storting van die voorskryfmark en die ingrypende besnoeiings op boekaankope deur biblioteke.

Gelukkig is Bezuidenhout vir haar deursettingsvermoë "beloon" deurdat 'n drietal verse uit haar debuut in *Groot verseboek 2000* (samesteller André P. Brink) opgeneem is, terwyl die Ingrid Jonker-debuutprys in 2001 aan haar toegeken is.

Een van die kenmerke van haar debuutwerk wat my opgeval het, was die klank- en beeldweelde, die soms byna uitbundige sensualiteit daarvan. Partykeer het sy nie ontkom aan die gevare van styloordad en seggings-oortolligheid wat met soiets gepaardgaan nie,

maar meestal het dié besondere stylaanpak bygedra om die aantreklikheid van haar verskuns te vergroot.

In *Aardling*, haar tweede bundel, wat onlangs by Protea Boekhuis verskyn het, pas Bezuidenhout groter stilistiese tug toe. Trefende beelding en klankbenutting kom steeds voor, hoewel dalk spaarsamiger, en die oortollighede is weggesnoei. In "stil wit middag" beken die digteres byvoorbeeld: "ek merk dat ek al meer / sintuiglik bid – / woorde onnodig vind".

Selfs wat die vormgewing betref, bemerk ek 'n effense versobering, hoewel meestal steeds iewers tussen vrye en vaste vorme te staan gekom word.

Op tematiese vlak openbaar die digter in *Aardling* 'n selfs sterker voorkeur vir die private as in *dansmusieke*. Bloedweinig van die alles aantastende maatskaplike en politieke aktualiteite van Suid-Afrika vind neerslag in *Aardling*, anders as in Bezuidenhout se debuut, waar dit in 'n aantal gedigte wel te berde gebring is.

Nie dat die fokus op die persoonlike noodwendig op belewingsbeperktheid dui nie. Die titel, *Aardling*, slaan byvoorbeeld enersyds op die verwoording van sinlike, soms byna dierlike verknogtheid aan die aardse. "Die een wat skryf, leef primitief," heet dit in die gedig "Griffier". En in "Falliese vrou", wat 'n mens plek-plek onwillekeurig herinner aan momente uit D. J. Opperman se "Kroniek van Kristien", word geskryf van "die vrou, die wilde een, / wat hardloop met die wolwe".

Andersyds sinjaleer die bundelitel 'n meer-vlakkige belewenis van die beperkinge van die aardse bestaan. Die verval en verganklikheid waaraan die hiermaalse onderworpe is, kom byvoorbeeld by herhaling ter sprake – veral in die openingsafdeling, "In stof", wat in hoofsaak fokus op die eie verlede, op gestorwe en verswakte verwante, en op die eie ervaring van lewensvervlieting ("Afloop").

Dit is juis sodanige verganklikheidsbesef,